



Riglyne vir die bestuur van verskillende akkommodasies/koncessies gedurende die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen.

Tipe assesserings-akkommodasie	Moontlike hindernis(se)	Bestuur gedurende die afneem van die eksamen
Aanpassing van vrae	<ul style="list-style-type: none">• Blind, gedeeltelik blind• Doofheid, hardhorend• Doofblind• Ernstig liggaamlik gestremd	<ul style="list-style-type: none">• Vraestelle word by die Departement van Basiese Onderwys (DBO) aangevra volgens die hoeveelheid kandidate en vakke wat op SOBIS aangedui word. Dit is dus belangrik dat al die skole, ingeslote spesiale skole, toesien dat die aansoek vir al die kandidate wat aangepaste vraestelle benodig, betyds op SOBIS verwerk word.
Ekstra tyd	<ul style="list-style-type: none">• Alle hindernisse	<ul style="list-style-type: none">• Kandidate behoort in 'n spesifieke area in die eksamenlokaal geplaas te word volgens die hoeveelheid ekstra tyd wat goedgekeur is. Hierdie plasing van leerders sal verseker dat hulle nie ontwig word wanneer die res van die kandidate die eksamenlokaal verlaat nie.• Die hoeveelheid ekstra tyd moet op 'n plakker of gekleurde papier op die kandidaat se lessenaar aangebring word.• Elke kandidaat moet ingelig word van die spesifieke ophoutyd wat aan hulle toegeken is.• Die hoofopsiener/opsieners moet toesien dat hulle die oorblywende tyd na aan die einde van die eksamen aandui.

		<ul style="list-style-type: none"> • Kandidate hoef nie die volle ekstra tyd te gebruik nie, maar moet in die eksamenlokaal bly sit vir die standaardtyd wat vir die vraestel bepaal is.
Braille	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind 	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie vraestelle word by die Departement van Basiese Onderwys (DBO) aangevra volgens die hoeveelheid kandidate en vakke wat op SOBIS aangedui word. Dit is dus belangrik dat al die skole, ingeslote spesiale skole, toesien dat die aansoek vir al die kandidate wat aangepaste vraestelle benodig, betyds op SOBIS verwerk word.
Rekenaar/stem-na-teks/teks-na-stem	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind • Doof, hardhorend • Doofblind • Leesprobleme • Probleme met Wiskunde • Probleme met uitdruk in skriftelike vorm • Outistiese-spektrumsindroom • Kommunikasie-gebrek • Motoriese afwykings • Psigiatrisiese afwykings • Mediese afwykings en chroniese gesondheidstoestande 	<ul style="list-style-type: none"> • Die rekenaar wat gebruik word mag geen gestoorde inligting bevat nie. • Elektroniese bystand soos sagteware vir voorspellende teks, grammatika, speltoets, tesourus en woordeboek moet gedeaktiveer word. • Die rekenaar mag nie aan die skool se netwerk of die internet gekoppel wees nie. • Kandidate moet die voorblad van 'n antwoordboek voltooi en 'n strepieskodeplakker daarop aanbring. • Kandidate mag die antwoordboek gebruik vir kladskrif en om vrae te beantwoord wat nie getik kan word nie. Die nommering moet duidelik aangedui word. • Die kandidaat moet sy/haar eksamennummer boaan elke bladsy tik. • Na afloop van die eksamen, moet die kandidaat se werk gedruk, deur die kandidaat geverifieer, en in die antwoordboek vasgekram word. • Indien kragonderbrekings sou plaasvind, moet 'n skrywer gebruik word. • 'n Afsonderlike lokaal word benodig.

		<ul style="list-style-type: none"> • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsiener moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees.
Digitale speler/Video opnemer/MP3/ Kompakskyf (CD)/ Webkamera	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind • Doof, hardhorend • Doofblind • Leesprobleme • Probleme met Wiskunde • Outistiese-spektrumsindroom • Motoriese afwyking • Mediese afwykings en chroniese gesondheidstoestande 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afsonderlike lokaal word benodig. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsiener moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word. • Die gebruik van 'n MP3-speler: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die kandidaat mag in dieselfde eksamenlokaal skryf, mits die toerusting nie die ander kandidate se aandag aftrek nie. ○ Die kandidaat mag slegs die MP3/CD in die eksamenlokaal ontvang.
Vergrote drukstukke/ Grootdrukvrastelle	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind • Doof, hardhorend • Doofblind • Ernstig liggaamlik gestremd 	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidate wat ernstig gestremd is, mag gebruik maak van vergrootglase of enige ander lae-visie apparaat. • Hierdie vrastelle word by die DBO aangevra volgens die hoeveelheid kandidate en vakke wat op SOBIS aangedui word. • Vrastelle kan in harde kopie of elektroniese formaat voorsien word.
Handskrif	<ul style="list-style-type: none"> • Probleme met uitdruk in skriftelike vorm 	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidate moet 'n akkommodasiebrief hê vir die afneem van die eksamen en een vir die nasiener. • Heg die akkommodasiebrief wat aan die nasiener gerig is aan die antwoordstel van die kandidaat. Dit is die

		brief met die kandidaat se eksamennommer en NIE nie brief met die kandidaat se naam en van daarop NIE.
Medikasie/voedselinname	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Motivering en voldoende gemotiveerde mediese verslag moet die aansoek vergesel. 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afsonderlike lokaal word gewoonlik gebruik om nie die ander kandidate te steur nie. • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees wanneer 'n afsonderlike lokaal gebruik word. • Ruspouses kan deel uitmaak van hierdie akkommodasie, indien 'n motivering die aansoek vergesel en deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) goedgekeur word.
Mondelinge eksamen	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind • Doof, hardhorend • Doofblind • Outistiese-spektrumsindroom • Motoriese afwyking • Mediese afwykings en chroniese gesondheidstoestande • Leesprobleme • Probleme met Wiskunde • Probleme met uitdruk in skriftelike vorm • Kommunikasiegebrek 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afsonderlike lokaal is nodig met 'n skrywer wat die antwoorde in die kandidaat se antwoordboek neerskryf. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.
Persoonlike assistent	<ul style="list-style-type: none"> • Enige hindernis of kandidaat aan wie hierdie akkommodasie toegestaan is. 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afsonderlike lokaal is nodig omdat die persoonlike assistent die kandidaat met basiese take sal help (d.w.s. om 'n bladsy om te blaai). • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word.

		<ul style="list-style-type: none"> • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.
Voorsêer	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind • Doof, hardhorend • Doofblind • Aandagsgebrek-sindroom en hiperaktiwiteit-sindroom • Outistiese-spektrumsindroom • Kommunikasiegebrek • Mediese afwykings en chroniese gesondheids-toestande • Leesprobleme • Probleme met Wiskunde • Probleme met uitdruk in skriftelike vorm 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afsonderlike lokaal is nodig omdat die voorsêer die kandidaat sal help om sy/haar aandag weer toe te spits op die vraestel deur 'n mondelingse leidraad te gebruik ("fokus op jou werk") of 'n fisiese teken (tik op die skouer of lessenaar). • 'n Voorsêer mag slegs: <ul style="list-style-type: none"> ○ die kandidaat aanmoedig om die vraestel te voltooi; ○ die kandidaat help om te ontspan; ○ die kandidaat se fokus weer toespits op die vraestel indien sy/haar aandag maklik afgelei word; ○ die struktuur van die vraestel verduidelik; ○ die kandidaat aan die tydtoekenning herinner; ○ die kandidaat aan die puntetoekenning herinner; en/of ○ die kandidaat help of sy/haar aandag toe te spits op die onmiddellike taak. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.

<p>Voorleser</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Blind, gedeeltelik blind • Doof, hardhorend • Doofblind • Leesprobleme • Probleme met Wiskunde • Outistiese-spektrumsindroom • Motoriese afwyking • Mediese afwykings en chroniese gesondheidstoestande 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Leser kan 'n persoon wees, of die kandidaat kan 'n elektroniese toestel (soos 'n MP3-speler) gebruik. • Die leser en die kandidaat moet 'n afskrif van die vraestel ontvang. • Dieselfde leser moet deur die loop van die eksamen gebruik word. • Vergelykings, simbole en name van chemikalieë moet nie gelees word nie, aangesien dit insig kan oordra waaroor die kandidaat dalk nie beskik nie. Daar moet bloot daarop gewys word. • Een voorleser kan gelyktydig aan verskillende kandidate voorlees, maar nie meer as vier nie. • 'n Afsonderlike lokaal is nodig indien die voorleser 'n persoon is. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.
<p>Ruspouses</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Outistiese-spektrumsindroom • Mediese afwykings en chroniese gesondheidstoestande 	<ul style="list-style-type: none"> • Die kandidaat hoef nie tydens die ruspouses by sy/haar lessenaar te wees nie, maar moet in die eksamenlokaal bly. • Ruspousetyd tel nie as ekstra skryftyd nie. Die ruspousetyd wat gebruik word, sal by die eksamensessie gevoeg word. • 'n Afsonderlike lokaal word benodig. • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees.

Skrywer	<ul style="list-style-type: none"> • Doofblind • Leesprobleme • Probleme met uitdruk in skriftelike vorm • Outistiese-spektrumsindroom • Motoriese afwyking • Mediese afwykings en chroniese gesondheidstoestande 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Skrywer moet die kandidaat se antwoorde op die vrae woord vir woord neerskryf. • Alle skrywers moet in besit wees van 'n goedgekeurde WKOD-skrywersertifikaat as bewys dat hulle die distriksopleiding bygewoon het. • Die skrywer en kandidaat moet 'n afskrif van die vraestel ontvang. • Dieselfde skrywer moet deur die loop van die eksamen gebruik word. • 'n Skrywer mag slegs vir een kandidaat op 'n slag skryf. • Die skrywer mag slegs met die kandidaat kommunikeer om te vra dat die antwoord herhaal word. • In taalvraestelle moet die beplanning van die kandidaat geskrap word as 'n aanduiding dat die werk nie nagesien moet word nie, anders kan daar twee verskillende handskrifte op die bladsy voorkom en dit kan onnodige kommer met betrekking tot onreëlmatighede veroorsaak. • 'n Afsonderlike lokaal word benodig. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsier moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.
Afsonderlike lokaal	<ul style="list-style-type: none"> • Doof, hardhorend • Doofblind • Leesprobleme • Probleme met Wiskunde 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Afsonderlike lokaal moet in 'n rustige omgewing geleë wees wat bevorderlik is vir die aflê van die eksamen, met inagneming van aspekte soos ventilasie, geraasvlak, lig/elektrisiteit, netheid, ens.

	<ul style="list-style-type: none"> • Probleme met uitdruk in skriftelike vorm • Aandagsgebreksindroom en hiperaktiwiteitsindroom • Outistiese-spektrumsindroom • Kommunikasiegebrek • Motoriese afwyking • Psigiatrise afwykings 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsiner moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.
Gebaretaaltolk	<ul style="list-style-type: none"> • Doof • Hardhorend 	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidate skryf die eksamens self, maar kan 'n tolk hê om woorde of frases te vertolk wat moeilik is om te verstaan, sou die kandidaat hulle versoek om dit te doen. • Kandidate moet hul antwoorde in die gegewe antwoordboeke neerskryf. • 'n Tweede tolk kan benodig word indien die vraestel lank is en uitgebreide interpretasie vereis. Duidelike tydgleuwe waarin tolking deur elke tolk voorsien is, moet aangedui word. • 'n Afsonderlike lokaal word benodig. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • 'n Opsiner moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees. • Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in. • Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word. • Die gebruik van 'n rekenaar:

		<ul style="list-style-type: none"> ○ Die rekenaar wat gebruik word mag geen gestoorde inligting bevat nie. ○ Elektroniese bystand soos sagteware vir voorspellende teks, grammatika, speltoets, tesourus en woordeboek moet gedeaktiveer word. ○ Die rekenaar mag nie aan die skool se netwerk of die internet gekoppel wees nie.
Spelling	<ul style="list-style-type: none"> • Enige hindernis of kandidaat aan wie hierdie akkommodasie toegestaan is. 	<ul style="list-style-type: none"> • Kandidate moet 'n akkommodasiebrief hê vir die afneem van die eksamen en een vir die nasiener. • Heg die akkommodasiebrief wat aan die nasiener gerig is aan die antwoordstel van die kandidaat. Dit is die brief met die kandidaat se eksamennummer en NIE nie brief met die kandidaat se naam en van NIE.
Transkripsie van Braille/Gebaretaal	<ul style="list-style-type: none"> • Doof 	<ul style="list-style-type: none"> • Die transkribering van vraestelle na Braille word deur die WKOD gedoen. • Transkribering van Gebaretaal moet onder die aandag van die WKOD gebring word
Video/DVD/Opnemer/Webkamera	<ul style="list-style-type: none"> • Doof 	<ul style="list-style-type: none"> • Die vrae word op 'n webkamera opgeneem deur gebaretaal en/of gesproke taal (liplees). • Die opname kan weer gespeel word. • Die kandidaat se antwoorde in gebaretaal word op die webkamera opgeneem. • 'n Afsonderlike lokaal word benodig. • 'n Opname van al die eksamenverrigtinge moet op 'n elektroniese toestel opgeneem word. • In sommige gevalle vertolk 'n persoon wat vertrouwd is met gebaretaal die antwoorde en skryf dit neer. Hy/sy kan ook as 'n tolk of skrywer instaan. • 'n Opsiner moet vir die volle duur van die eksamen teenwoordig wees.

		<ul style="list-style-type: none">• Maak seker dat die opnametoestel voor die aanvang van die eksamen getoets word en sit nuwe batterye in.• Na afloop van die eksamen moet die opname na 'n CD gekopieer word en in die skool se kluis bewaar word.• Die gebruik van 'n rekenaar.<ul style="list-style-type: none">○ Die rekenaar wat gebruik word mag geen gestoorde inligting bevat nie.○ Elektroniese bystand soos sagteware vir voorspellende teks, grammatika, speltoets, tesourus en woordeboek moet gedeaktiveer word.○ Die rekenaar mag nie aan die skool se netwerk of die internet gekoppel wees nie.
--	--	--

Riglyne vir die bestuur van ad hoc akkommodasies/konessies gedurende die afneem van die eksamen.

Ad hoc assesseringsakkommodasie/konessies verwys na ondersteuning weens onvoorsiene omstandighede.

Tipe assesserings-akkommodasie	Bestuur gedurende die afneem van die eksamen
Hospitalisasie/Tronkstraf	<ul style="list-style-type: none">• Die Direkoraat: Eksamenadministrasie kan nie kandidate in ander eksamensentrums as die gevestigde eksamensentrums akkommodeer nie. (hospitale, klinieke, polisiestasies of gevangnisse is nie geregistreerde eksamensentrums nie).• Kandidate moet as afwesig aangeteken word en moet registreer om die Mei-/Junie 2021-eksamen af te neem.
Trauma/ernstige trauma/noodsorg/krisissituasie/ liggaamlike besering	<ul style="list-style-type: none">• Tree onmiddellik in verbinding met die Direkoraat: Assesseringsbestuur by Moya.Combrink@westerncape.gov.za en Zukile.Sonkwala@westerncape.gov.za.